



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

TOERISME

MODEL 2014

PUNTE: 200

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die instruksies noukeurig voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
4. Rond jou antwoorde in VRAAG 3.1.2 en 3.1.3 tot TWEE desimale plekke af.
5. Gebruik die puntetoekenning by elke vraag as 'n riglyn vir die lengte van jou antwoord.
6. Skryf netjies en leesbaar.
7. Die tabel hieronder is 'n riglyn om jou te help om jou tyd volgens elke afdeling in te deel.

AFDELING	ONDERWERP	PUNTE	TYD (minute)
AFDELING A	Kortvrae	40	20
AFDELING B	Kaartwerk en Toerbepanning, Buitelandsevaluta-verhandeling	50	50
AFDELING C	Toerismebesienswaardighede, Kultuur- en Erfenistoerisme, Bemarking	50	50
AFDELING D	Volhoubare en Verantwoordelike Toerisme, Toerismesektore	30	30
AFDELING E	Plaaslike, Streeks- en Internasionale Toerisme, Kommunikasie en Kliëntediens	30	30
	TOTAAL	200	180

AFDELING A: KORTVRAE**VRAAG 1**

1.1 Vier opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.21 D.

1.1.1 Die gebeurtenis wat in die foto hieronder getoon word, is ...



- A 'n byeenkoms vir staatsamptenare.
- B Afrika se grootste reiskleinhandelskou.
- C 'n konferensie vir toerismebesighede.
- D 'n konferensie vir openbare-privaat toerismevennootskappe.

1.1.2 Wanneer 'n persoon van oos na wes oor die IDL beweeg word, sal hy/sy ...

- A 'n dag verloor.
- B 'n dag bykry.
- C 'n paar uur verloor.
- D 'n paar uur bykry.

1.1.3 'n Suid-Afrikaner het R3 500 wat hy vir VS-dollar moet verruil.

Volgens die bank is die BAK R9,55 en die BVK is R9,95. Hoeveel sal hy in VS-dollar ontvang?

- A VS\$34 825,00
- B VS\$33 425,00
- C VS\$351,76
- D VS\$366,49

1.1.4 Nadat toeriste op 'n internasionale lughawe geland het, volg hulle die rooi kanaal wanneer hulle ...

- A iets het om te verklaar.
- B niks het om te verklaar nie.
- C geen voorskrifmedikasie het om te verklaar nie.
- D reisdokumente moet toon.

- 1.1.5 Standaardtyd verwys na die ...
- A tydsones wat 'n land besluit het om te volg.
 - B presiese tyd van 'n land vermenigvuldig met die getal tydsones.
 - C geskatte tyd soos deur die internasionale datumlyn bepaal.
 - D plaaslike tyd van 'n land gedeel deur die getal tydsones.
- 1.1.6 Die korrekte manier om internasionale tyd volgens die 24 uur-horlosie aan te dui:
- A 00:00
 - B 12 nm.
 - C 12 middernag
 - D 12h00
- 1.1.7 Die drink van gebottelde water is 'n voorsorgmaatreël wat 'n mens tref om te voorkom dat hy/sy hierdie wateroordraagbare siekte opdoen:
- A Bilharzia
 - B Malaria
 - C Geelkoors
 - D Cholera
- 1.1.8 Die voorafgelaaiete betalingsmetode hieronder is gerieflik vir internasionale reis omdat dit ...



- A heeltemal apart is van die reisiger se bankrekening.
 - B slegs in een land gebruik kan word.
 - C na een jaar verval, wat 'n belangrike veiligheidskenmerk is.
 - D aan die reisiger die opsie gee om maandelikse state te ontvang.
- 1.1.9 Die totale waarde van goedere en dienste wat in 'n gegewe jaar in 'n land vervaardig en verbruik word:
- A BTW
 - B BBP
 - C BNP
 - D BAK

- 1.1.10 Die Batho Pele-beginsels wat hieronder getoon word, is ontwikkel om dienslewering in die ... te verbeter.



- A openbare sektor.
B privaat sektor.
C akkommodasiesektor.
D besienswaardigheidssektor.
- 1.1.11 Die Christus-standbeeld word met ... verbind.
- A Corcovado
B die Colosseum
C Chichen Itza
D Cuzcu
- 1.1.12 'n Toeris wat daarin belangstel om die berg Everest uit te klim, sal na ... moet reis.
- A Spanje
B Rusland
C Jordanië
D Nepal
- 1.1.13 'n Toeristebesienswaardigheid kan as 'n suksesvolle besigheid beskou word indien ...
1. Die besienswaardigheid voorsiening maak vir die versterking en verswakking van die rand
 2. Die werklike getal besoekers die teikengetal besoekers oorskry
 3. Die toeristebesienswaardigheid uitstekende bestuursplanne in plek het
 4. Die besienswaardigheid die bemarkingsaktiwiteite van rolspelers in die bedryf bevorder
 5. Die inkomste wat verdien word, die teikenbedrae oorskry
- A 1, 2, 3
B 2, 3, 4
C 2, 4, 5
D 2, 3, 5

- 1.1.14 Die burgeroorlog in 2012–2013 in Egipte het gelei tot ...
- A die kansellasië van alle vlugte na Egipte.
 - B die kansellasië van alle toeristevissums na Egipte.
 - C 'n afname in besoekergetalle na die piramides in Egipte.
 - D die sluiting van Egipte se hooflughawe.
- 1.1.15 Hierdie Wêrelderfenisterrein het die bynaam 'Deep Impact' gekry en is die oudste en grootse sigbare meteoriet-impakterrein in die wêreld:
- A Sterkfontein
 - B iSimangaliso
 - C Mapungubwe
 - D Vredefortkoepel
- 1.1.16 Is uitrusting A geskik vir kantoordrag?

**A****B**

- A Ja, wit is een van die korporatiewe kleure van die maatskappy.
 - B Ja, dames word toegelaat om broekpakke werk toe te dra.
 - C Nee, die uitrusting is te informeel vir 'n besigheidsomgewing.
 - D Nee, die uitrusting vertoon nie die korporatiewe kleure van die besigheid nie.
- 1.1.17 Die waarde van 'n gedragskode vir 'n toerismebesigheid:
- A Dit sal integriteit onder werkers bevorder en 'n atmosfeer van samewerking skep.
 - B Dit sal aan werkers duidelikheid gee oor die basiese diensvoorwaardes.
 - C Dit sal produk-eienaars in staat stel om terugvoerdata vas te lê om die vlak van kliëntetevredenheid te bepaal.
 - D Dit sal infrastruktuur, beleggings en buitelandsevaluta-verdienste in die besigheid beskryf.

- 1.1.18 Korttermynkoste wat nie 'n onmiddellike finansiële voordeel vir 'n maatskappy inhou nie, maar eerder positiewe verandering in gemeenskappe en die omgewing bevorder:
- A Korporatiewe maatskaplike belegging
 - B Korporatiewe advertensie-inisiatiewe
 - C Korporatiewe staatsbestuursbeleid
 - D Korporatiewe werkverrigtingsbestuur
- 1.1.19 Die doel van hierdie organisasie is om verantwoordelike en volhoubare praktyke aan te moedig:
- A TEP
 - B TOMSA
 - C FTT
 - D SABS
- 1.1.20 Die mees onlangse logo wat gebruik word as 'n verenigde handelsmerk vir Suid-Afrika (vervang alle vorige logo's):








(20 x 1) (20)

- 1.2 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings deur die woord uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

lugmark; landmark; paspoort; visum; Berlynse Muur; vlugvoosheid; vluguitputting; BRICS-beraad; G8-beraad; Time Square

- 1.2.1 Hierdie markte sal by Beitbrug in Suid-Afrika aankom (1)
- 1.2.2 'n Dokument wat deur 'n Suid-Afrikaner benodig word om Zimbabwe binne te gaan (1)
- 1.2.3 'n Voorbeeld van 'n ikoon (1)
- 1.2.4 'n Toestand wat 'n passasier mag ervaar nadat hy/sy oor baie tydsones gevlieg het (1)
- 1.2.5 'n Gebeurtenis wat in Maart 2013 in Durban plaasgevind het (1)
- 1.3 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 paspoort.
- 1.3.1 Die handeling waar iets in 'n maatskappy aangekoop of verskaf word, word (verkryging/prosedures) genoem. (1)
- 1.3.2 Toerisme- (vrywilligers/volumes) verwys na die getal besoekers aan 'n bestemming of besienswaardigheid. (1)
- 1.3.3 'n (SWIFT/SWOT) -kode word benodig om geld na 'n ander land oor te plaas. (1)
- 1.3.4 Medikasie vir persoonlike gebruik is 'n voorbeeld van (verbode/beperkte) goedere (1)
- 1.3.5 (Inentings/Vakansies) word vereis wanneer areas wat 'n hoë risiko vir die opdoen van sekere siektes het, binnegekrom/verlaat word. (1)

1.4 Kies 'n logo uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.4.6 F.

KOLOM A		KOLOM B	
1.4.1	Die wêreldorganisasie wat die uitbreek van siektes regoor die wêreld monitor en reisigers bewus maak van enige voorsorgmaatreëls wat getref moet word	A	 ['NIKS IS MEER PRET AS 'N SHO'T LEFT']
1.4.2	Suid-Afrika se nuutste inisiatief wat gebruik word om toerismebesighede vir uitstekende dienslewering te vereer	B	
1.4.3	Die hoofliggaam wat kriteria ontwikkel het vir terreine om op die Wêrelderfenislys geplaas te word en vir die voorsiening van internasionale bystand onder die Wêrelderfenisfonds	C	
1.4.4	Die doeane-afdeling van hierdie regeringsagentskap speel 'n rol in die regulering van die beweging van goedere en mense wat die grense van Suid-Afrika binnekom of verlaat	D	
1.4.5	'n Inisiatief deur die NDT en SAT om plaaslike toerisme in Suid-Afrika te bevorder	E	

(5 x 1) (5)

1.5 Die reisproses word hieronder deur stap A–E voorgestel. Rangskik die stappe in 'n logiese volgorde (van die begin tot die einde). Skryf slegs die letters (A–E) in die korrekte volgorde langs die vraagnommer (1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

A	B	C	D	E
Doen besprekings.	Gebruik vervoer en akkommodasie en geniet maaltye.	Deel die ervaring.	Neem die besluit om te reis.	Vind inligting en kies 'n bestemming.


(5 x 1) (5)

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING, BUITELANDSEVALUTA- VERHANDELING

VRAAG 2

2.1 Bestudeer die Wêreldtydsonekaart hieronder, lees die artikel en beantwoord die vrae wat volg.





KONINKLIKE BABA KRY 'N NAAM

Prins William en Hertogin Catherine (Kate Middleton) van die Verenigde Koninkryk het die naam van hul pasgebore babaseun, Prins George Alexander Louis aangekondig. Die baba sal as Sy Koninklike Hoogheid Prins George van Cambridge bekend staan.

Die foto is geneem toe die koninklike paartjie die hospitaal in Londen op Dinsdag 23 Julie 2013 om 20:00 verlaat het.

[Aangepas uit www.sowetanlive.co.za]

Die Verenigde Koninkryk pas dagligbesparingstyd toe van die laaste Sondag in Maart tot die laaste Sondag in Oktober.

- 2.1.1 (a) Bereken die tyd en datum toe die lewendige uitsending van die koninklike paartjie wat die hospitaal verlaat het, op televisie in Suid-Afrika gesien kon word. (4)
- (b) Noem EEN invloed wat dagligbesparingstyd op reisbeplanning het. (2)
- (c) Gee TWEE redes waarom die Verenigde Koninkryk dagligbesparingstyd toepas. (4)

'n Gesin van Argentinië het vanaf Buenos Aires na Suid-Afrika vir hul vakansie gevlieg. Hulle het op 3 Januarie 2013 om 8:30 op OR Tambo Internasionale Lughawe aangekom na 'n 9 uur-lange vlug.

- 2.1.2 Bereken die tyd en datum toe die gesin vanaf die lughawe in Buenos Aires vertrek het. Toon ALLE bewerkings. (6)

- 2.2 Bestudeer die toegangsvereistes vir Brasilië hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TOEGANGSVEREISTES VIR BRASILIË

Visums is NIE 'n vereiste vir Suid-Afrikaanse paspoorthouers NIE. Dit is 'n vereiste dat alle paspoorthouers in besit moet wees van 'n retoer- of aansluitende kaartjie, verblyfreëlings en genoegsame fondse om hulself te onderhou gedurende hul verblyf in Brasilië. Paspoorte moet vir 'n minimum van 6 maande geldig wees wanneer Brasilië binnegegaan word.

[Bron: www.gsaonline.co.za]

- 2.2.1 Noem TWEE reisdokumente wat NIE in die toegangsvereistes hierbo genoem word nie, wat vereis mag word wanneer iemand na Brasilië reis. (2)
- 2.2.2 Noem die dokument wat vereis word wanneer iemand vir 'n paspoort aansoek doen. (2)
- 2.2.3 Verduidelik die frase: '*Paspoorte moet vir 'n minimum van 6 maande geldig wees*'. (2)

- 2.2.4 Verduidelik die proses waardeur inkomende internasionale toeriste sal gaan om hul goedere op OR Tambo Internasionale Lughawe te verklaar. (4)
- 2.2.5 Noem EEN misdaadvoorkomingsveiligheidswenk waarvan reisigers moet weet op lughawens. (2)
- [28]**

VRAAG 3

- 3.1 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

LAND	VALUTAKODE	BAK	BVK
Verenigde Koninkryk	GBP	15,66	16,39
Europa	EUR	13,46	14,06
VSA	VSD	10,18	10,51
Japan	JPY	0,10	0,11

- 3.1.1 (a) Identifiseer die inkomende mark wat NIE Suid-Afrika as 'n waarde-vir-geld-bestemming sal beskou NIE, gebaseer op wisselkoerse. (1)
- (b) Gee EEN rede vir jou antwoord op VRAAG 3.1.1(a). (2)


'n Professionele skaatsplankryer van Kalifornië moes VSD1 500 ruil gedurende sy besoek aan Suid-Afrika vir die 2013 Wêreld-skaatsplankkampioenskappe in Kimberley in die Noord-Kaap.

- 3.1.2 Bereken die bedrag wat hierdie skaatsplankryer in plaaslike valuta sal ontvang. Toon ALLE bewerkings en rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af. (3)

Drie studente van Italië besoek Suid-Afrika vir 'n week. Hulle toer kos R18 300 per persoon en sluit vlugte en akkommodasie in.

- 3.1.3 Bereken die bedrag per persoon in hul geldeenheid wat nodig sal wees om die koste van hul reis te dra. Toon ALLE bewerkings en rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af. (4)

3.2 Bestudeer die kolomgrafiek hieronder en beantwoord die vraag wat volg.



Gebruik die inligting in die kolomgrafiek en skryf 'n paragraaf om die uitwerking van die rand-euro-wisselkoers op internasionale toerisme te verduidelik.


Sluit die volgende aspekte in jou paragraaf in:

- Die skommeling van die rand-wisselkoers met sy laagste en hoogste waardes (4)
 - Die uitwerking wat die hoogste koerse op Suid-Afrikaners het wat na Europa reis (2)
 - Identifiseer die beste tyd om te reis vir:
 - (a) Inkomende internasionale toeriste na Suid-Afrika (1)
 - (b) Uitgaande Suid-Afrikaanse toeriste (1)
 - Gee EEN rede vir jou antwoord op (a) en EEN rede vir jou antwoord op (b). (2 x 2) (4)
- [22]**

TOTAAL AFDELING B: 50

AFDELING C: TOERISMEBESIENSWAARDIGHEDE, KULTUUR- EN ERFENIS-TOERISME, BEMARKING**VRAAG 4**

4.1 Verwys na die ikone hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

A**B****C**

4.1.1 Identifiseer die ikone wat A, B en C gemerk is. (3)

4.1.2 Beskryf die profiel van toeriste wat sou belangstel om ikoon B in VRAAG 4.1.1 te besoek. (2)

Saoedi-Arabiëse owerhede het in 2012 versoek dat die getal besoekers na ikoon C verminder moet word. In Suid-Afrika is slegs 3 000 van die 7 500 mense wat daarheen wou reis, toegelaat om ikoon C in 2012 te besoek.

[Bron: www.iol.co.za]

4.1.3 Gee EEN rede waarom die Saoedi-Arabiëse regering die getal mense wat na ikoon C gereis het, verminder het. (2)

4.2 Stel jou voor jy is 'n lektor by 'n reis-en-toerisme-akademie.

Verduidelik aan jou studente die verskil tussen 'n *ikoon* en 'n *besienswaardigheid*. (4)

4.3 Die verskeidenheid ikone en besienswaardighede in Suid-Afrika maak 'n betekenisvolle ekonomiese bydrae tot ons land.

Bespreek TWEE maniere waarop die stygende getal besoekers aan 'n spesifieke ikoon of besienswaardigheid tot ekonomiese groei in Suid-Afrika lei. (4)

4.4 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TAFELBERG KABELKAR

Die Tafelberg Kabelkar poog om verantwoordelike en volhoubare toerisme te handhaaf. Die Kabelkar wy hulle toe om hoë volumes besoekers te beperk en terselfdertyd die flora in die gebied te beskerm.

Die Kabelkar wy hulle toe aan:

- Die handhawing van 'n skoon, veilige en gesonde omgewing vir werknemers en besoekers
- Die vermindering van besoedeling.
- 'n Toename in die getal herwinningsdromme

Die doel is ook om plaaslike gemeenskappe te ondersteun deur werkgeleenthede te skep en by plaaslike verskaffers te koop. Die Table Mountain Café het goed opgeleide personeel wat uitstekende diens aan alle besoekers bied en bied 'n verskeidenheid etes wat voorsiening maak vir verskillende dieetbehoefte/kulture. Kaartjiepryse vir die kabelkar is redelik met baie spesiale aanbiedinge en kan aanlyn gekoop word wat lang tye en ophoude verminder. Die kabelkar is toeganklik vir mense met gestremdhede.

Die Kabelkar ondersteun minderbevoorregte deur komplementêre kaartjies of konsessiekaartjies vir 'n dag op Tafelberg te voorsien. 'Siyafundisa', die Kabelkar Leer-akademie help werknemers om hul volle potensiaal te bereik deur hul vaardighede te ontwikkel. Die instelling van die Kabelkaart ('Cable Card') bied aan voetslaners wat gereeld die voetpad gebruik daaglikse toegang tot die kabelkar vir 'n jaar. Die Kabelkar het oor jare verskeie toekennings ontvang vir hul harde werk en lok steeds jaarliks baie besoekers.

[Aangepas uit www.tablemountain.net]

4.4.1 Identifiseer EEN manier uit die uittreksel hoe die Tafelberg Kabelkar deur ELK van die volgende faktore daarna streef om suksesvol te bly:

- (a) Volhoubare en verantwoordelike bestuur van die besienswaardigheid (2)
- (b) Positiewe ervaring deur besoekers (2)
- (c) Universele toegang (2)

- 4.4.2 As baie toeriste na 'n sekere besienswaardigheid terugkeer, is dit gewoonlik 'n aanduiding van die sukses van daardie besienswaardigheid.

Verwys na die uittreksel en gee aan die Kabelkar-owerhede raad oor TWEE maniere hoe hulle kan verseker dat besoekers na die besienswaardigheid sal terugkeer.

(4)
[25]

VRAAG 5

- 5.1 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Bron: www.ezakwantu.com]

- 5.1.1 (a) Noem die Suid-Afrikaanse Wêrelderfenisterrein (WET) waar die goue renoster-artefak hierbo ontdek is. (1)
- (b) Noem die ligging van die ontdekking. (1)
- 5.1.2 Om WET-status te verkry, moet 'n besienswaardigheid aan sekere kriteria voldoen.
- Noem TWEE kriteria waaraan die WET in VRAAG 5.1.1 voldoen. (4)
- 5.2 Noem EEN funksie van UNESCO as 'n organisasie wat Wêrelderfenisterreine verklaar. (2)
- 5.3 Bespreek TWEE maniere waarop 'n besienswaardigheid wat as 'n WET verklaar is, waarde tot die Suid-Afrikaanse toerismebedryf sal toevoeg. (4)
- [12]

VRAAG 6

6.1 Bestudeer die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

DIE VERLOOR VAN HOOP

Keshmiel is die eienaar van 'n gastehuis in Hilton, 'n klein dorpie net buite Pietermaritzburg in KwaZulu-Natal. Die dorp het baie restaurante en handwerk winkels op die gewilde Midland-kronkelroete ('Midlands Meander'). Daar is baie gastehuse in die dorp wat kompetisie vir hom is. Keshmiel het koerantadvertensies en strooibiljette gebruik om sy gastehuis te bemark, maar sonder sukses.

Keshmiel het jou raad nodig oor hoe TOMSA hom kan help met die bemarking van sy gastehuis.

6.1.1 (a) Skryf die akroniem *TOMSA* uit in woorde. (2)

(b) Noem DRIE sektore wat tans tot die TOMSA-heffing bydra. (3)

6.1.2 Bespreek die verwantskap tussen TOMSA en SA Toerisme. (2)

6.1.3 Verduidelik die betrokkenheid van die Toerismebeesigheidsraad van Suid-Afrika (TBRSA) in TOMSA se bedrywighede. (2)

6.2 Bespreek die rol wat SA Toerisme speel in die internasionale bemarking van Suid-Afrika as 'n voorkeurbestemming vir toeriste. (4)
[13]

TOTAAL AFDELING C: 50

**AFDELING D: VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME,
TOERISMESEKTORE****VRAAG 7**

7.1 Bestudeer die twee besighede hieronder en beantwoord die vrae.

A**B**

7.1.1 Jy is 'n toeris wat 'n stad vir die eerste keer besoek.

(a) Kies die besigheid (A of B) waar jy die gemaklikste sal voel om kos te koop. (1)

(b) Gee TWEE redes vir jou antwoord. (4)

7.1.2 Besigheid A sal waarskynlik nie so winsgewend soos Besigheid B wees nie.

Stem jy saam met hierdie stelling?

Gee TWEE moontlike redes waarom dit die geval sal wees. (4)

7.2 7.2.1 Noem die dokument wat aan werknemers gegee word waarin die basiese diensvoorwaardes uiteengesit word. (1)

7.2.2 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Adapted from www.smokernewsworld.com]

Noem DRIE regulasies uit die prent wat in die gedragkode van 'n besigheid ingesluit sal word.

(3)
[13]

TOTAAL AFDELING D: 30

VRAAG 8

8.1 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

GROEN INISIATIEWE KRY ERKENNING

Motswari Privaat Wild Lodge, gasheer vir Afrika se Groot Vyf, het Goue Klas-status verwerf op die Erfenis-omgewingsertifiseringsprogram*.

Die Lodge is die enigste omgewingsgesertifiseerde eiendom binne die Timbavati Natuurreservaat. Die naam 'Motswari' beteken om te hou en te bewaar en dus is die bestuur en personeel baie toegewyd aan volhoubare beginsels.



*Die Erfenis-omgewingsbestuursmaatskappy administreer sertifisering namens die Erfenis-omgewingsertifiseringsprogram.

Hulle spesialiseer in:

- Die erkenning
- Die hersien
- Die sertifisering

van omgewings- beste praktyke in die dienstesektor. Hulle baseer hul standaarde op internasionaal erkende volhoubaarheids- en verantwoordelike besigheidsinisiatiewe.

Die kriteria om Goue Klas-status te verwerf word gegrond op die bydrae tot omgewingsbewaring, groen programme, voedselveiligheid, higiëne en energiedoeltreffendheid.

[Bron: www.responsibletraveller.co.za]

8.1.1 Noem die DRIE pilare van volhoubare toerisme waarna verwys word as:

- (a) Mense (1)
- (b) Planeet (1)
- (c) Wins (1)

8.1.2 Jy is deel van die sertifiseringspan wat die prestasievlak van Motswari Privaat Wild Lodge gaan assesseer.

Bespreek DRIE groen inisiatiewe waarvoor jy op die uitkyk sal wees voordat jy die instelling sal sertifiseer.

(6)

8.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Om 'n verantwoordelike toeris te wees, maak die voordele meer en verminder die negatiewe uitwerking van toerisme.

Verantwoordelike reis gaan oor meer outentieke (egte) vakansie-ervarings wat dit vir toeriste moontlik maak om 'n bietjie meer uit hul reise te kry en 'n bietjie meer terug te gee aan bestemmings en plaaslike mense.

Wanneer ons mooi plekke besoek, is dit vanselfsprekend dat ons wil hê dat ons vakansies 'n positiewe uitwerking op plaaslike mense en die omgewing waarin hulle woon, sal hê.



[Aangepas uit www.responsibletraveller.co.za]

8.2.1 Verduidelik TWEE voordele wat verantwoordelike toerismegedrag vir 'n gemeenskap het.

(4)

8.2.2 Noem TWEE maniere waarop 'n toerismebesigheid kan verseker dat dit omgewingsbewuste toeriste sal lok.

(4)

[17]

AFDELING E: PLAASLIKE, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME, KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS

VRAAG 9

9.1 Lees die inligting hieronder voordat jy die vrae wat volg, beantwoord.

2016 OLIMPIESE SPELE: DIT IS 'N LANG PAD VIR RIO

Suksesvolle toeristebestemmings regoor die wêreld het goeie toegang, goeie vervoer, akkommodasie wat in 'n verskeidenheid begrotings en behoeftes kan voorsien, 'n verskeidenheid toerismeprodukte, besienswaardighede, 'n kommersiële sektor wat kan voorsien en 'n inwonende bevolking wat in die toerismesektor kan werk en goeie diens en 'n warmte verwelkoming lewer.

Het Brazilië dit in plek?

Die akkommodasiesektor in Rio het tans 29 000 kamers. Akkommodasiepryse is hoog as gevolg van 'n groot vraag en 'n klein aanbod. Rio verwag om 'n verdere 11 000 hotelkamers teen 2016 te lewer, wat die totaal tot 40 000 opstoot en 'n geleentheid vir werkskepping bied. Tog was daar 'n totaal van 120 000 kamers beskikbaar gedurende die Olimpiese Spele in Londen.

Om by verkeersopeenhopings verby te kom, is 'n reuseprobleem. Hopelik sal Rio se verkeerskwessies met die BRT ('Bus Rapid Transit') -stelsel opgelos kan word. As die onlangse protesaksies oor verhoogde tariewe in ag geneem word, mag die befondsing van die nuwe stelsel vir Rio 'n uitdaging wees.

Die toerismebedryf vereis 'n reusewerkmag

Londen het meer as 250 000 mense in diens in sy toerismesektor. Mense moet gedissiplineerd en goed opgelei wees en meer as een taal kan praat – ten minste Engels. Londen het die meeste van die stad se infrastruktuur in plek gehad en is 'n goed gevestigde internasionale bestemming.

[Aangepas uit www.financenews.uk]


9.1.1 Verduidelik EEN rede waarom die Olimpiese Spele as 'n wêreldgebeurtenis beskou kan word. (2)

9.1.2 Die skrywer vergelyk die Londen Olimpiese Spele met die Rio Olimpiese Spele.

Bespreek wat die skrywer impliseer wanneer hy/sy Rio met Londen vergelyk. (2)

- 9.1.3 Verduidelik die politieke situasie wat 'n bedreiging vir die 2016 Olimpiese Spele inhou. (2)
 - 9.1.4 Bespreek EEN manier waarop hierdie politieke situasie 'n negatiewe uitwerking op die Olimpiese Spele kan hê. (2)
 - 9.1.5 Uit die gegewe inligting, illustreer TWEE voorbeelde van hoe die 2016 Rio Olimpiese Spele sal voldoen aan die driedubbele-slotreël-benadering tot volhoubare ontwikkeling. (4)
 - 9.1.6 Bespreek EEN negatiewe uitwerking wat die gasheerstad gedurende die gebeurtenis mag ondervind. (2)
- 9.2 Bestudeer die statistiek hieronder voordat jy die vrae wat volg, beantwoord.

SUID-AFRIKAANSE BUITELANDSETOERISTE-AANKOMSTE 2011–2012		
Toerismeprestasie-aanduider	Suid-Afrika	
	Derde Kwartaal 2011	Derde Kwartaal 2012
Totale getal bednagte	15,9 miljoen	16,8 miljoen
Gemiddelde getal provinsies besoek	1,2	1,1



- 9.2.1 (a) Identifiseer die TWEE kontinente wat Suid-Afrika se grootste inkomende mark is. (2)
- (b) Gee EEN rede waarom daar 'n toename was in buitelandsetoeriste-aankomste van hierdie kontinente af. (2)

9.2.2 Vergelyk die bednagte wat in 2011 spandeer is met die bednagte wat in 2012 spandeer is.

Noem die neiging tussen die twee jare.

(2)

9.2.3 Gee EEN rede waarom dit belangrik is vir Suid-Afrikaanse Toerisme om te weet hoeveel provinsies besoek is.




(2)

[22]

VRAAG 10

10.1 Bestudeer die uittreksel hieronder wat uit die kliënte-oorsig-webtuiste hellowater geneem is en beantwoord die vrae wat volg.

Hello Peter [bespreek peter](#) | [tuis](#)
 Teken aan
 Sunny Steak Ranch Klage
 Hello Peter [bespreek peter](#) | [tuis](#)

 VERSKAFFER	Sunny Steak Ranch	 BEDRYF	Restaurant
TAK/AREA	Montic Oord	LAND	Suid-Afrika
TYD/DATUM	08:44 Son 21 Jul	PERSOON VERANTWOORDELIK	Bestuur
KLIËNT	nevillen1	Sien alle verslae deur gebruiker	  6 15
PROBLEEM	Swak Diens	 Pos verslag    E-pos verslag	
OPSKRIF	Swak Diens, Swak Kos		

Ons eet gereeld by Sunny Steak Ranch Montic Oord en kry goeie diens. Gister het ons by Sunny Steak Ranch aandete geëet en ek moet my teleurstelling uitspreek oor die diens wat ons ontvang het. Ons moes bykans 10 minute wag dat ons bestelling vir drankies geneem word en omtrent 15 minute om dit te ontvang. Toe die kos opdaag, was dit effens koud. Geen bestuurder het na ons tafel toe gekom om te vra hoe die diens was en of die kos goed was nie. Ons het ongeveer R800,00 of meer op etes spandeer – is bogenoemde die diens wat ons moes ontvang? Ek kon slegs kontant betaal omdat hulle geen ander betalingsfasiliteit gehad het nie.

[Aangepas uit www.hellowater.co.za]


10.1.1 Identifiseer die kliëntet terugvoermetode wat in hierdie uittreksel gebruik is.

(1)

10.1.2 Noem EEN ander terugvoer-instrument wat Sunny Steak Ranch kan gebruik om kliëntetevredenheid te beoordeel.

(1)

10.2 Verwys na die simbole in diagramme A en B hieronder.



Verduidelik hoe jy die diens by Sunny Steak Ranch sou interpreteer, gebaseer op jou begrip van die simbole. (4)

10.3 Gee raad aan Sunny Steak Ranch oor EEN soort betalingsmetode, behalwe kontant, wat hulle kan gebruik. (2)

[8]

TOTAAL AFDELING E: 30
GROOTTOTAAL: 200